Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Inbelsentrum**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
0861 819 919

Lêerno.: 3/1/3/1
Verwysing: 20240115-785

Omsendbrief: 0003/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare skole en spesiale skole

Kort opsomming: *Voorsiening van 2024/25 se diensstate vir staatsdiensondersteuningspersoneel aan gewone openbare skole en spesiale skole*.

**Onderwerp: Voorsiening van 2024/25 se diensstate vir staatsdiensondersteuningspersoneel aan gewone openbare skole en spesiale skole**

1. 'n Hersiening van die diensstate vir staatsdiensondersteuningspersoneel by alle gewone openbare skole en spesiale skole vir die tydperk 01 April 2024 tot 31 Maart 2025 is in ooreenstemming met die goedgekeurde norme en standaarde uitgevoer.

2. Weens die fiskale omgewing wat tans druk ervaar, is die toekenning van bykomende staatsdiensposte nie bekostigbaar nie. Daar is dus besluit om die huidige staatsdienspostoekennings aan skole vir die 2024/25 finansiële jaar te behou, uitgesluit skole wat poste kan verloor weens leerdervermindering.

3. Skole wat die afgelope paar jaar aansienlike afnames in leerderinskrywings gehad het en nie meer kwalifiseer vir sodanige toekennings ingevolge die goedgekeurde norme en standaarde nie, sal met ingang 01 April 2024 aangepaste postoekennings ontvang.

4. Die vul van vakante poste vir staatsdiensondersteuningspersoneel moet aan die vereistes, soos uiteengesit in paragraaf 3.2 van Werwing- en Keuringskennisgewing 0001/2023 van 31 Oktober 2023, voldoen.

5. Sou permanente poste vakant raak, sal botallige werknemers voorkeur geniet by die pas en plasing in sodanige poste.

6. Die 2024/25-diensstate vir staatsdiensondersteuningspersoneel vir openbare skole is op 23 Februarie 2024 op SOBIS onder die hofie, "Administration" gepubliseer.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-02-16


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement